Mediavrystelling

Suid-Afrika, 23 Junie 2017 – Naspers Beperk (JSE: NPN) het vandag sy resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2017 aangekondig.

POSITIEWE RESULTATE VIR DIE JAAR, MET ’N VERSNELLING IN FINANSIËLE EN BEDRYFSGROEI

Naspers het vandag sy finansiële resultate vir die jaar tot 31 Maart 2017 aangekondig. Omset gemeet op die grondslag van ekonomiese belang (insluitend die proporsionele bydrae van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings) het jaar tot jaar met 19% tot VS$14.6mjd toegeneem. Wanneer die impak van verkrygings, verkope en wisselkoersbewegings buite rekening gelaat word, het groei 29% beloop. Ondernemings buite Suid-Afrika het 80% van omset bygedra, teenoor 77% ’n jaar gelede.

Kernwesensverdienste het met 41% tot VS$1.8mjd gestyg. “Naspers het bevredigende resultate vir die jaar gelewer,” sê Naspers se voorsitter, Koos Bekker. “Tencent het sy groei voortgesit, terwyl die groep die skaal van die e-handelondernemings verder uitgebrei het. Videovermaak kompeteer nou met internasionale mededingers uit die VSA.”

Buitelandse valuta affekteer die groep se segmente in wisselende mate. In videovermaak het swakker geldeenhede ’n groot impak op verdienste (gegewe prysbepaling in plaaslike geldeenhede, maar ‘n hoë Amerikaanse dollar-kostebasis). In die internetsegment word die impak versag deur die wye geografiese verspreiding van die ondernemings en ’n kostebasis wat oor die algemeen op plaaslike geldeenhede berus.

Naspers rapporteer in Amerikaanse dollar (VS$) wat beteken dat die plaaslike geldeenheid-prestasie van die ondernemings na VS$ omgereken word. Waar toepaslik, word prestasie in plaaslike geldeenheid-terme, uitgesluit die impak van verkrygings an verkope, tussen hakies aangedui ná die ekwivalente prestasiesyfers wat kragtens Internasionale Finansiële

Verslagdoeningstandaarde gerapporteer is. Tensy anders vermeld, is bedrae op die grondslag van ekonomiese belang opgestel.

Omset in die internetsegment, wat nou 73% van groep omset uitmaak (verlede jaar 67%), was 29% (41%) hoër op VS$10.6mjd. Handelswins het met 52% (65%) gestyg, hoofsaaklik danksy Tencent se uitstekende resultate en groter winsgewendheid van die meer volwasse e-handelbates. “Die groep het nou 21 winsgewende e-handelondernemings, wat omset van VS$699m en handelswins van VS$229m gelewer het,” sê Naspers se uitvoerende hoof, Bob van Dijk. “Geklassifiseerde advertensies het goed gevaar en is ondersteun deur Avito en versnelde groei in ons Europese markte met Pole, Oekraïne, Roemenië en Portugal aan die voorpunt. Ons B2C-, reis- en betalingsondernemings het almal stewige omsetgroei behaal en is verder versterk deur addisionele beleggings om skaal uit te brei.”

Naspers het sy portefeulje gedurende die jaar verder geoptimeer. Die groep het Citrus Pay in die Indiese aanlynbetalingsmark verkry en sy Indiese aanlynreisplatform, ibibo, met die Nasdaq-genoteerde MakeMyTrip saamgesmelt. Die Amerikaanse bedrywighede van die slegs-mobiele toepassing geklassifiseerdeadvertensie-platform, letgo, is met Wallapop saamgesmelt met bemoedigende resultate tot dusver. In Januarie 2017 het die groep Allegro en Ceneo in Pole verkoop en ’n netto opbrengs van VS$3.2mjd verkry. Die groep het ook sy voetspoor in die aanlynkosaflewering-segment uitgebrei, terwyl Naspers Ventures ’n aantal beleggings in vroeëfasetegnologie-maatskappye aangegaan het.

Moeilike ekonomiese toestande het verlede jaar tot beduidende intekenaarverliese in die videovermaaksegment gelei. In 2017 het syfers egter weer effens gegroei en die groep het 935 000 direk-na-huis- oftewel DTH-intekenare bygevoeg, wat die intekenaarbasis op 11.9 miljoen huishoudings te staan bring. Digitale terrestriële televisie (DTT) het altesaam 597 000 huishoudings bygevoeg. ’n Waardestrategie, wat op boeketsamestelling, beter behoud van klante en kostebesnoeiing fokus, bring verbetering in die besigheid oor die lang termyn.

Op ’n makrovlak het voortgesette geldeenheidverswakking (hierdie segment faktureer in plaaslike geldeenhede) daartoe gelei dat omset effens gedaal het tot VS$3.4mjd (dit het egter met 7% gestyg wanneer die wisselkoers-effek buite rekening gelaat word).

Inhoudkoste het weens mededinging gestyg. Hierdie faktore het bygedra tot ‘n handelswins van VS$287m, ‘n jaar tot jaar-afname van 53% (32%). Die groep werk dit teen deur nie-noodsaaklike inhoud te verwyder of te herbeding. Toenemende internasionale mededinging van wêreldspelers soos Netflix, Amazon, Apple en Google word verwag.

Hoewel beduidende groei van 14% (16%) in die e-handel- en digitale segmente van ons mediaondernemings aangeteken is, het totale omset vir die segmente effens gedaal tot VS$588m. Afgesien van die voortgesette uitdagings van strukturele industrie veranderings, het die segment ook met strawwe makro-ekonomiese toestande te kampe.

Die groep se belang in die resultate van ekwiteitsverantwoorde beleggings was VS$1.8mjd en hul bydrae tot kernwesensverdienste het jaar tot jaar met 50% gestyg. Die kombinasie van hoër ontwikkelingsbesteding, wat op ’n gekonsolideerde grondslag met 22% (13%) na VS$861m gestyg het, en ’n laer winsbydrae deur die videovermaak-onderneming, het gelei tot gekonsolideerde vrye kontantuitvloei van VS$125m.

“In die komende jaar sal ons die skaal van die e-handelondernemings verder uitbrei om winsgewendheid en kontantskepping te verhoog. In die meer volwasse ondernemings – soos media en videovermaak – sal die fokus wees op die bestuur van makro-ekonomiese en sektorhindernisse deur koste te beperk,” sê Naspers se finansiële hoof, Basil Sgourdos. “Ons sal voortgaan om bestaande ondernemings te vernuwe en te transformeer, en terselfdertyd belê om die volgende groeistuwing voort te dryf.”

Vir meer inligting, kontak:

Meloy Horn, Hoof van Beleggersverhoudinge
Telefoon: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Basil Sgourdos, Finansiële Hoof
Telefoon: +852 2847 3365
Selfoon: +852 9080 5155

Die volledige resultate is op Naspers se webwerf beskikbaar by http://www.naspers.com.

BELANGRIKE INLIGTING

Hierdie mediavrystelling bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "kan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en verwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit baie faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouende verklarings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.

- EINDE -